My Afrikaans

Deur Ankijahh Olivier

Ek stap deur die nou strate van Parys en bewonder die reusagtige Eiffel-toring, drink espresso en eet croissants. Ook beleef ek die geure en smake van Parys, Montpellier en die kusdorp Nice. Daarna bewonder ek die oeroue kastele en verkyk my aan die gekunstelde atmosfeer en fynheid, beskaafdheid van die Europese kultuur en Franse taal wat amper soos ’n lied oor jou lippe vloei.

Dan dink ek terug aan my sonskyn land, Suid-Afrika en my moedertaal; Afrikaans. ’n Taal wat sin maak en met een woord ’n verhaal kan vertel. So ook ’n taal wat die ongereptheid van Afrika vertolk. ’n Taal wat my laat terug verlang na die reuk van ’n bosveld vuur en kameeldoringhout, sonbesies wat skree op ’n snikhete dag, en die brul van ’n leeu wat hom neervly teen die Rooisand van ’n Kalahari duin. Net soos Kalahari groot dors beteken in Tswana - een van die elf nasionale tale in Suid-Afrika - so dors ek na my moedertaal, Afrikaans. ’n Taal wat vanaf 1925 bestaan en as een van die jongste tale bekend staan. Tog word Afrikaans deur sowat 7,2 miljoen mense as eerste taal gepraat en 10,3 miljoen mense as tweede en derde taal.

Afrikaans is tipologies beskou as ’n Indo-Europese, Wes-Germaanse en Nederfrankiese taal wat aan die suidpunt van Afrika onder invloed van verskeie ander tale en taalgroepe ontstaan het. Afrikaans is op 8 Mei 1925 as amptelike taal van Suid-Afrika erken.

Afrikaans is ’n unieke taal met eiesoortige woorde soos braai, lekker en nou-nou. In my taal, Afrikaans, het ek leer dig en droom, het ek trappies na nuwe woorde geklim en een vir een het my taal my opgebou en het ek sy woorde leer ken. Dít is die taal waarin ek onderrig word, bid en leef. Want Afrikaans is die kruks van my kultuur en die wortels van my herkoms maar ook die pad van my verlede, hede en toekoms. Daarom is my moedertaal, trots Afrikaans.